Huisgenoot in die **klaskamer**

Veilig op die pad

THE BIGGER PICTURE/ALAMY

>>Ken jou padreëls en kom veilig daar >>

Wat passasiers moet weet

Wanneer jy weer in 'n voertuig inspring, kliphard gesels en selfs die bestuurder se aandag aftrek deur nie stil te sit nie . . . dink weer. Sulke gedrag kan tot 'n ongeluk lei. So gedra 'n goeie passasier hom of haar:

- **Sit jou veiligheidsgordel aan, al ry julle net om die blok.**
- **Dit is altyd veiliger op die agtersitplek as op die sitplek voor langs die bestuurder.**
- **Probeer rustig en stil sit en moenie die bestuurder se aandag aflei of die ander passasiers treiter nie.**

Moet nooit die bestuurder se aandag aflei nie.

Onthou om altyd jou veiligheidsgordel aan te sit – dit kan jou lewe red.

So lyk 'n verantwoordelike fietsryer. Sy helm is stewig vas en hy hou die fiets se stuurstang met albei hande vas.

THE BIGGER PICTURE/ALAMY

THE BIGGER PICTURE/ALAMY

Gebruik handseine om vir motoriste te wys wat jy wil doen wanneer jy op jou fiets ry.

Dinge wat 'n fietsryer nooit behoort te doen nie:

- **Moenie voor 'n kar inry nie; dit is baie gevaarlik.**
- **Moenie langs mekaar in die pad ry nie; ry liewer agter mekaar in 'n ry.**

THE BIGGER PICTURE/ALAMY

THE BIGGER PICTURE/ALAMY

KOM ons wees nou maar eerlik. Ons hoor gereeld van verkeersreëls en die hoë sterftesyfer op Suid-Afrika se paaie. Maar dink net hoe maklik gebeur dit dat ons intuïtief agter 'n bal of brakkie aan oor 'n pad hardloop. Of dat 'n mens uit irritasie ná ure in die kar op die langpad met jou sus of boet begin stoei en stry dat die hare waai. En die slegte nuus is dat dié soort optrede tot ernstige motorongelukke kan lei.

Jy, as voetganger of passasier, het net so 'n belangrike rol te speel in padveiligheid as enige motorbestuurder op die pad. Kom leer gerus saam met Huisgenoot in die Klaskamer meer oor padveiligheid en wat jy kan doen om ons paaie vir almal veiliger te maak.

Ry veilig fiets en bromponie

- Maak seker dat jou fiets altyd in 'n baie goeie toestand is.
- Moenie langs mekaar ry nie – ry agter mekaar.
- Dra 'n helm. Kopbeserings is die oorsaak van baie fietsryers se dood en jy kan dit voorkom deur 'n helm te dra.
- Jou helm moet in 'n goeie toestand wees en goed pas. Dit moenie vorentoe of agtertoe skuif nie, maar plat op jou kop sit. Die bandjie om jou ken moet lekker stewig wees sonder dat dit jou knyp. Die voorste en agterste bandjie moet mekaar net onder elke oor ontmoet.

Noodhulpkennis is belangrik – volg 'n noodhulpkursus.

In die geval van 'n ongeluk

As jy ooit in 'n ongeluk betrokke is of op 'n ongeluk afkom, kan jy die volgende doen:

- **Probeer so gou moontlik by 'n selfoon of telefoon uitkom as jy nie beseer is nie.**
- **Bel 082-911 (die nasionale nommer wat jou met Netcare 911) sal verbind.**
- **Iemand sal vir jou die volgende vrae vra:**
  - **Jou telefoonnommer.**
  - **Waar jy is (noem die straat se naam of die grootste pad of baken wat jy sien).**
  - **Wat het gebeur? Hoeveel mense is beseer? Is daar 'n brand, ensovoorts?**

Daarna sal personeel gestuur word om te kom help. Bly by die foon – die personeel sal jou help om die beseerdes te versorg en jou inlig oor wat jy verder moet doen.

- As jy een keer met 'n helm in 'n ongeluk was waartydens die binnevoering van jou skerm skok moes absorbeer, is dit klaarpraat met hom. Jy kan dalk nie die skade sien nie, maar die helm se vermoë om skok te absorbeer is nou aansienlik minder. Skaf liewer 'n nuwe helm aan.
- Dra oogbeskerming sodat vullis, klein goggatjies en die wind nie in jou oë beland nie.
- Dra weerkaatsende en fluoresseerklere wanneer dit skemer raak of as dit 'n mistige dag is. Dit sal verseker dat motoriste jou sien.
- Maak seker dat jy die reëls van die pad ken, en hou streng daarby. So moet jy altyd saam met die verkeer en nooit teen die verkeer ry nie.
- Moenie deur waterpoele ry nie – iets kan maklik daarin versteek lê.
- Stel motoriste vroegtydig in kennis as jy wil links of regs draai. Gebruik handseine en/of jou flikkerlig (in die geval van 'n bromponie) om dit te doen.
- Hou albei jou hande op die stuurstang, behalwe terwyl jy sein.
- Wees versigtig wanneer jy om draaie en hoeke 'n groot voertuig of vragmotor verbysteek. Die bestuurder sien jou dalk nie raak nie en dit kan gevaarlik wees.
- Moenie heen en weer oor die pad ry nie.
- Moenie agter aan 'n bewegende voertuig vashou of na aan 'n bewegende voertuig ry nie. As die bestuurder besluit om te rem, kan daar 'n ongeluk plaasvind.
- Wees versigtig wanneer daar voetgangers om jou is. Voetgangers kry *altyd* voorrang, al lyk dit of hulle iets onbesonne aanvang. Al tree jy volgens die wet op, gaan die gevolge vir jou ewe traumaties wees as jy iemand tref. Die voetganger is dalk doof, blind of liggaamlik gestrem en kan nie gou genoeg vir jou padgee nie.
- Moenie jou fiets oorlaai nie.
- Dra in die somer 'n sonskerm. Hou ook 'n bottel water naby sodat jy nie ontwater nie.

As jou skool 'n skolierpatrollie het, is jy gelukkig – dit is die veiligste manier om die pad oor te steek. Steek altyd die pad hier oor. Wag vir die instruksies en bly binne die geverfde lyne van die voetoorgang op die pad.

Veiligheidsflits

Dra 'n fietsarmband. Dit word die 084-124-armband genoem en het al baie mense se lewe gered. Die armband bevat 'n stukkie papier met besonderhede van jou mediese geskiedenis, allergieë, ensovoorts. Dit is belangrike inligting vir dokters op 'n ongelukstoneel en word spesiaal vir fietsryers gemaak.

Kyk onder Vind Meer Uit in hierdie artikel waar jy so 'n armband kan kry.

Verantwoordelike voetgangers

Duisende voetgangers word elke jaar raak gery, maar ons kan dit voorkom. Hier is 'n paar wenke:

- Voetgangers en fietsryers word nie op nasionale paaie toegelaat nie.
- Wanneer jy by 'n verkeerslig kom, wag tot die

(Blaai om)



THE BIGGER PICTURE/ALAMY

(Van vorige bladsy)

groen mannetjie verskyn voor jy stap en onthou om nogtans links en regs te kyk voor jy oorstap en terwyl jy oorstap.

- Soms is daar 'n knoppie op die verkeerslig se paal wat jy kan druk. Dié knoppies kom gewoonlik by sebrastrepe voor. Die knoppie veroorsaak 'n groen lig vir voetgangers en 'n rooi lig vir die verkeer. Moet nooit die knoppie moedswillig druk nie!
- Oppas vir hoofpaaie – dra helder kleure en wees altyd op die uitkyk vir voertuie.
- Moet nooit aanneem dat 'n voertuig vir jou sal stop by 'n sebrastreep nie. Wetlik is voertuie verplig om dit te doen, maar ons reken liewer bang Jan as dooie Jan. Wag tot voertuie stilhou voor jy oorstap – en hou aan links en regs kyk.
- As jy op die skouer van 'n hoofpad moet loop omdat daar geen sypaadjie is nie, dra helder kleure en loop aan die regterkant sodat jy die aankomende verkeer kan sien.
- Moenie met opset stadig oor 'n voetoorgang slenter nie. Stap flink en reguit oor.

Ry veilig bus of taxi

'n Oorvol bus of taxi is baie gevaarlik. Nie alleen maak oorlading dit vir die bestuurder moeilik om beheer oor die voertuig te behou nie, maar as die insittendes haastig moet uitklim, gaan die sakke, tasse en mense wat die paadjies vol staan, dinge net tien maal erger maak. Hier is 'n paar veiligheidsreëls wat jy te alle tye moet toepas wanneer jy van hierdie vervoermiddels gebruik maak:

- Wag in 'n tou (weg van die pad af) vir die bus of taxi.
- Klim een vir een in.
- Moet nooit by 'n venster uithang of jou arms of bene by 'n deur of venster uitsteek nie.
- Hou die gangetjies in 'n bus skoon. Moenie sakke en tasse daar neersit nie. In 'n noodgeval is dit belangrik dat passasiers hierlangs moet kan beweeg.
- Wag tot die bus stop voor jy opstaan en uitklim.
- Moet nooit naby 'n bus of taxi se agterwiele staan nie.

>>Kyk links en regs en dan weer links >>

Dis altyd veiliger om besige strate oor te steek by oorgange vir voetgangers soos hier. Loop liewer 'n paar meter verder en gebruik die sebrastreep-oorgang by so 'n kruising. Onthou om te wag dat die groen mannetjie verskyn voor jy oorstap.

Bly uit oorvol busse en taxi's uit; dit is baie gevaarlik. Op die onderste foto is genoeg plek rondom die passasiers en geen tasse versper die gangetjies nie. Onthou om altyd plek te maak vir mense met gestremdhede en om hulle te help as jy kan.



THE BIGGER PICTURE/ALAMY

THE BIGGER PICTURE/ALAMY

Die bestuurder se verantwoordelikheid

Die bestuurders van voertuie het sekere verantwoordelikhede teenoor die passasiers en ander mense op die pad. Hulle moet:

- Stadiger ry wanneer die paaie nat is. Dit is moeiliker om vinnig te rem op 'n nat pad – in so 'n geval kan 'n voertuig maklik gly.
- Nugter wees. Geen persoon onder die invloed van drank mag agter 'n stuurwiel inklim nie.
- Versigtig en stadiger ry wanneer dit mistig en donker is.
- Hou by die snelheidsgrens in 'n woongebied en altyd op die uitkyk wees vir voetgangers wat die pad oorsteek.
- Versigtig bestuur waar die pad in 'n slegte toestand is.
- Nie die voertuig oorlaai nie.
- Stop by rooi verkeersligte en stoptekens. Baie ongelukke word deur haastige bestuurders veroorsaak. □

Sorg dat jy altyd betyds by die bushalte is en staan in 'n tou weg van die pad af. Wanneer die bus kom, kan julle een-een inklim – soos hier.



LIFE ORIENTATION FOR THE NEW NATION, GRAAD 4-LEERDERSBOEK

Is dit padveiligheid of -onveiligheid?

Hoeveel goed kan jy op die prent sien wat onveilig lyk en veiliger gedoen kan word? Kyk of jy minstens vyf dinge kan sien wat verkeerd is – dalk kan jy selfs meer dinge raaksien . . .

Hier's die antwoorde

1. Die rolskaatsers in die park ry roekeloos heen en weer tussen ander kinders.
2. 'n Hond wat nie aan 'n leiband vas is nie, val 'n kind aan. So 'n hond kan maklik in die verkeer beland.
3. 'n Fietsryer maak 'n voetganger kwaad en stel sy lewe in gevaar.
4. Van die voetgangers kyk nie links, regs en weer links voor hulle oorstap nie.
5. Talle voetgangers steek die pad in die middel van die straat oor.

Het jy geweet?

> Die wet vereis dat die insittende wie se sitplek met 'n sitplekgordel toegerus is, die gordel wel moet dra.

> Met 'n motorongeluk het 'n mens gewoonlik net 'n halwe sekonde om te reageer. Kry 'n stophorlosie en kyk hoe vinnig dit is. Dit laat nie veel tyd om te dink en te reageer nie – dra dus altyd jou veiligheidsgordel!

DIE ARTIKEL IS SAAMGESTEL MET DIE HULP VAN JOHAN JONCK EN SY INLIGTINGRYKE WEBTUISTE WWW.ARRIVEALIVE.CO.ZA.

Vir die opvoeders

Lees weer die artikel met die leerders deur. Bespreek nou padveiligheid in die klas.

> 1 Vra die leerders uit oor wat hulle reeds oor padveiligheid weet. Laat hulle oor hul persoonlike ervarings gesels. Laat die leerders nou in groepverband dinkskrums hou oor padtekens en verkeersreëls. Laat hulle die tekens wat hulle ken, op 'n A3-vel papier illustreer. Bespreek nou die veldtog Kom Veilig Daar. Laat die leerders in pare bespreek wat hulle daarvan weet en hoe dit hul padgedrag beïnvloed.

> 2 Stel 'n padveiligheidsplan vir jul skool op. Dit plan gaan as 'n nuwe beleid by jul skool geld. Verdeel die klas in groepe en gee elke groep 'n geleentheid om 'n ander deel van die beleid te skryf. Gebruik die volgende as riglyne:

- **Die hele klas: Dink 'n naam, logo en kleur vir jul padveiligheidsbeleid uit.**
- **Groep 1: Skryf 'n paar verkeersreëls en wenke neer vir voetgangers in en om jul skool. Hou die volgende aspekte in gedagte: die skoolpatrollie, sebrastrepe of ander belangrike padtekens vir voetgangers in en om jul skool, verkeersligte naby jul skool (as daar is) en voertuie wat gereeld om die skool beweeg. Wat is die leerders se verantwoordelikhede en regte as voetgangers?**
- **Groep 2: Wie is jul skool se patrollie, het julle 'n patrollie en wat is hul verantwoordelikhede en regte?**
- **Groep 3: Ry enige leerders met hul fiets skool toe? Wat is hul regte en verantwoordelikhede as fietsryers op ons paaie?**
- **Groep 4: Sommige opvoeders en ouers ry in hul eie voertuig. Wat is hul regte en verantwoordelikhede as bestuurders van dié voertuie in en om die skoolterrein?**
- **Groep 5: Stel 'n noodplan op. Hierdie plan moet vir leerders wys wat om te doen as iemand by jul skool in 'n ongeluk betrokke is.**

Maak nou 'n reuse plakkaat met al hierdie inligting op. Plak dit teen jul gangmuur op vir almal om te lees.

Vind meer uit

> Opvoeders en leerders kan gerus saam op die volgende webtuiste gaan loer. Daar is baie praktiese wenke oor padveiligheid:
www.safekids.org

> Toets jou kennis en kyk hoe goed jy ons verkeersreëls ken:
www.trafficsigns.co.za/

> Jy het al sekerlik van die woorde "Arrive Alive" of "Kom Veilig Daar/Aan" gehoor. 'n Mens hoor dit veral op televisie en oor die radio net voor die groot vakansies wanneer daar baie voertuie op die pad is. Gaan na dié webtuiste vir warm padwenke:
www.arrivealive.co.za

> Ry veilig fiets. Gaan gerus na die Trapkragvereniging se webtuiste by
www.pedalpower.co.za

Of kontak hulle by:
Tel.: 021-689-8420
E-pos: info@pedalpower.org.za

Vir skoolprojekhulp 24 uur per dag bestel nou SA se eerste multi-media-ensiklopedie – in Afrikaans – by 021-481-8301 of e-pos: sales@learningonline.co.za

http://leerhulp.mweb.co.za